

Chrusostomos se verstaan en evaluasie van beroepe en vaardighede

Hennie Stander

Hennie Stander, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Beroepe, en hoe dit verander, is deesdae 'n baie populêre tema en konstant onder die loep vanweë die Vierde Industriële Revolusie. Die doel van hierdie artikel is om die beroepe wat in Chrusostomos se geskifte genoem word, verder te belig. Hierdie beroepe sal dan krities bespreek word in die lig van ander sekondêre bronne wat in hierdie besprekings aan die orde kom. So 'n ondersoek werp interessante lig op die antieke sosiale wêreld en hoe daar oor werk, ledigheid, armoede en ander sosiale kwessies gedink is. Chrusostomos het geglo dat God sosio-ekonomiese armoede gegee het sodat mense bewus kon word van God se voorsienigheid. Armoede gee ook struktuur aan die lewe, want sonder armoede sou dit nie nodig gewees het om te werk nie. Sonder werk sou die samelewing platgeval het. Maar Chrusostomos was baie spesifiek daaroor dat beroepe aan drie vereistes moes voldoen: Dit moes nuttig wees, dit moes noodsaaklik wees, en dit moes ook tot voordeel van ander mense wees. Dit was vir Chrusostomos baie moeilik om te verstaan hoe 'n mens handeldryf as 'n "beroep" kon bestempel, want daar is eintlik geen verband tussen werk en die winste wat gemaak word nie. Sosiale stande en rangordes het 'n groot rol gespeel in die antieke wêreld, en daarom het Chrusostomos ook 'n rangordelys van beroepe opgestel, van belangrik tot minder belangrik. En dan was daar ook nog in Chrusostomos se gemeenskap mense wat van ketterse groeperinge afkomstig was en verkondig het dat dit nie goed was vir 'n mens se geestelike lewe om 'n beroep te beoefen nie.

Trefwoorde: ambagsmanne; beroepe; ledigheid; vakleerlinge; vroue

Abstract

Chrysostom's understanding and evaluation of occupations and skills

Careers, and how they change, are a very popular theme nowadays and are constantly under scrutiny due to the Fourth Industrial Revolution. The purpose of this article is to illuminate the professions mentioned in Chrysostom's writings. These professions will be critically discussed based on secondary literature on relevant themes. Such an investigation sheds light on the ancient social world and how idleness, poverty and other social issues were viewed by the ancients. Firstly, Chrysostom believed that God created socio-economic poverty so that people could become aware of God's providence. Poverty also gave structure to life, because without poverty it would not have been necessary to work and without work, society would have collapsed. However, Chrysostom made it very clear that a profession had to meet three requirements: It had to be useful (χρήσιμος); it had to be necessary/essential (ἀναγκαῖος); and other people also had to benefit from it. Blacksmiths, shoemakers, farmers and bakers are essential; however, their work must also benefit other people. For example, the latter must also share in the crops of the farmer – if a farmer sows only enough wheat for himself, many people will starve.

Even these essential professions have to adhere to boundaries. A builder's work is regarded as essential only if he builds houses, not when he builds theatres. A shoemaker must ensure that the shoes he makes for men are not delicate and soft, which would ultimately make men look like women. These statements were not intended to condemn homosexuality as some scholars have at times argued; they were simply in line with other concepts in Chrysostom's thinking which De Wet (2014a:189) describes as homoeroticism: A male's appearance had to be "rough" as a symbol of self-control and of the fact that he is self-sufficient.

Social classes and rankings played a major role in the ancient world. It is, therefore, no surprise to read that Chrysostom also ranked professions from important to less important. The criteria which Chrysostom used to determine the rank of a profession again raises the question whether the profession is useful (χρήσιμος) and essential (ἀναγκαῖος). Chrysostom regarded skills such as agriculture, weaving and construction as being at the top of the list, as these skills are necessary/essential (ἀναγκαῖος) and they keep us alive (συνέχουσιν ἡμῶν τὸν βίον). Other occupations, for example, those of a coppersmith, a carpenter and a shepherd, are merely complementary to these skills. However, Chrysostom states that of all of these professions, agriculture is the most important. God instituted agriculture when God made mankind.

It appears that a woman's place within the labour market was very limited, with one of the few occupations available to women being that of weaving. Chrysostom considered women to be weak because of their lifestyle and their upbringing. He said they grew up in the shadows, in other words in easy conditions; they did not work in the sun like farmers. Furthermore, they were very inactive; they were constantly in the baths, they used ointments and perfumes, their sofas were soft, and all this made them what they are. Chrysostom's statements regarding women should be seen in light of the fact that most women in his world were rich, therefore his knowledge regarding women in general was very limited.

Chrysostom also argued that God made the man different. God gave dominion (ἀρχή) and superiority (ὑπεροχή) to the man, while God gave the woman desire (ἐπιθυμία) and the gift of bearing children. God gave the woman the house, and the marketplace to the man, thereby

allotting the task to provide food to the man, since he has to till the soil. God gave the ability to make garments to the woman, since the loom and the distaff belong to the woman. Clarke (2006:167) states that Chrysostom's construction of women "relies heavily on the stereotyping, naturalising, and universalising functions of ideology".

The general belief is that the ancients never transformed their trades into industries, yet patristic writings often refer to a kind of industry. Chrysostom refers to, for example, the mistress of the house (ἡ κυρία τῆς οἰκίας) who sits on her chair in the house with all gracefulness (εὐσχημοσύνη) while the maids weave in silence and the other servants continue with their tasks. This is in line with Gregory Nazianzus's reference to weavers who worked in a large venue. Furthermore, Chrysostom states that artisans who work for themselves earn more money than those who work for employers. Despite all these references, the economy of the ancient world could still not be described as "industrial", as this was not the overarching feature of the economy.

Like so many of the Church Fathers, Chrysostom also had an aversion to money-making professions. He goes so far as to refer to moneylenders as adders (ἔχιδνα). It was difficult for the Church Fathers to see how trading, for example, could be described as a "job" – what "labour" did the person put in to justify the profit? The Church Fathers in particular had two objections to trading, the first being that it was driven by greed and the second that it was fraudulent, implying that traders deceive those who buy from them.

Fishermen were often associated with poverty. For example, Chrysostom grouped fishermen, tentmakers, tax collectors, the ignorant and the illiterate together in the same category. He attributed the reason for the success of these professions when the individuals spoke about the hope they had in themselves, to God's power. Yet the statements made by Chrysostom should not be accepted at face value, as his statements could also be a rhetorical technique to emphasise the marvel of the growth of the Gospel under such circumstances.

All the Church Fathers believed that it was expected of Christians to work hard. Chrysostom denounced those who were idle or unwilling to work. He then referred to Paul who was even willing to be a tentmaker, and he added that people who were craftsmen did not have to be ashamed of their craft. Earning a living from hard work was regarded as a form of asceticism; the souls of such people were brighter and their thinking more powerful. It is quite possible that Chrysostom had the Euchites (derived from the Greek word for *pray*) and the Messalians (derived from the Syrian word for *pray*) in mind when he denounced idleness. It is known that these two sectarian groups originated in Syria in the middle of the fourth century. They believed that making handicrafts was not conducive to one's spiritual life. Several Church Fathers condemned their teaching.

In conclusion: It is interesting to note how many of Chrysostom's arguments are still relevant today. When students enrol at university, their parents are often worried when their children want to pursue careers that are not considered "useful" or "essential".

Keywords: apprentices; artisans; careers; idleness; women

1. Inleiding

Die afgelope tyd, met COVID-19-regulasies wat die Vierde Industriële Revolusie met 'n spoed nader getrek het, hoor en lees 'n mens dikwels hoe vinnig die wêreld verander. Een van die gevolge van dié revolusie is dat talle beroepe wat nou aan ons bekend is, doodgewoon gaan verdwyn, terwyl nuwe beroepe gaan ontstaan. Ek het onlangs 'n klompie van Chrusostomos se preke gelees, en dit het my opgeval hoe dikwels hy na beroepe en vaardighede verwys het. Dit gee vir ons interessante perspektiewe rakende die beroepslewe van mense in die 4de–5de eeu in die gebiede rondom en in Antiochië (Sirië) en Konstantinopel.

Mayer (2008:567) verduidelik juis watter groot rol homilieë kan speel om vir ons meer te vertel oor die daaglikse lewe van gewone burgers in die antieke tyd. Chrusostomos is in 350 n.C. in Antiochië (Sirië) gebore en het 'n groot deel van sy lewe daar deurgebring. Vanaf 397 was hy biskop van Konstantinopel (Mayer 2009:70). Dis moeilik om te weet watter preke hy waar en wanneer gepreek het, dus moet 'n mens in gedagte hou dat die uitsprake uit verskillende geografiese streke en kronologiese tydperke kom (Allen en Sitzler 2009:27). De Wet en Mayer (2019:11) sê tereg: “The role of Chrysostom in social historiography goes beyond simply using the primary source material as data mines for ancient social mentalities and practices.” Aan die ander kant skryf Marcel van der Linden (2012:x) in die voorwoord van Lis en Soly (2012) soos volg: “Lis and Soly have always preferred to study social life ‘from below’, when they are very conscious that, for a good understanding of the historical developments, a perspective ‘from above’ is also required.” Dit is presies wat ek graag in hierdie artikel wil doen, naamlik om die beroepslewe van gewone mense in die 4de–5de eeu te beskryf soos dit blyk uit die preke van Chrusostomos, maar wel met 'n kritiese blik.

Natuurlik kan 'n mens nooit die woorde van 'n antieke skrywer net op sigwaarde neem nie (kyk Allen en Sitzler 2009:25; kyk ook De Wet 2018:44). Ek sal dus ook poog om die uitsprake oor beroepe te kontekstualiseer in terme van antieke beskouings. Hierdie veld is egter geweldig wyd, en ek sal dit moet afgrens van ander sake wat ook by hierdie tema aansluit. Ek gaan byvoorbeeld nie die rol van slawerny bespreek nie; daarvoor kan werke soos dié van De Wet (2015) geraadpleeg word. Ek gaan ook nie oor kinderarbeid praat nie; daarvoor is daar werke soos Bradley (1985), Sigismund-Nielsen (2013) en Laes (2015). Ek gaan ook nie kerklike ampte as beroepe bespreek nie (kyk Torjesen 2008). Ek beperk my dus tot dit wat Chrusostomos in sy preke openbaar oor sekulêre beroepe.

Ter wille van vakkundiges dui ek telkens aan watter Griekse woord Chrusostomos gebruik het om na 'n bepaalde beroep te verwys. Dit is belangrik om seker te maak presies wat die woord beteken en nie te probeer wegkom met 'n moderne Afrikaanse vertaling of met 'n woord wat ons dink 'n goeie moderne ekwivalent is nie. Let ook op dat ek die Griekse woord aandui soos dit in die woordeboek voorkom, en nie in die naamval soos dit in die teks staan nie.

2. Die sosio-ekonomiese konteks van werk

Armoede het 'n baie belangrike rol gespeel in Chrusostomos se lewensbeskouing. Hy verwys na drie soorte armoede, naamlik sosio-ekonomiese armoede (vlak van rykdom), geestelike armoede (die individu se waardesisteem) en vrywillige armoede (asketisme) (kyk Mayer

2009:82). Chrusostomos het geglo sosio-ekonomiese armoede is nodig en dat dit 'n bewys is van God se voorsienigheid. Hy het geargumenteer dat as 'n mens armoede uitroei, dan

sou jy die hele struktuur van die lewe vernietig. Geen seevaarder (ναύτης), of stuurman (κυβερνήτης), of landbouer (γεωργός), of bouer (οικοδόμος), of wewer (ύφάντης), of skoenmaker (ύποδηματορράφος), of skrynwerker (τέκτων), of kopersmid (χαλκοτύπος), of leerwerker (σκυτοτόμος), of meulenaar (σιτοποιός), of enige ander van hierdie soort ambagsmanne sou dan bestaan het nie. As almal ryk was, sou almal ledig gewees het, en dit sou die hele samelewing vernietig het. (*De Anna*, MPG 54.673.13–24 – my vertaling; ook elders, tensy anders vermeld)

Chrusostomos haal sy voorbeelde hier uit die breë samelewing, van landbou tot seevaart en ambagte.

Alhoewel armoede 'n sleutelfunksie in die ordening van die samelewing vervul, moet 'n mens vir geen oomblik aanneem dat alle mense in die antieke tyd gewerk het nie. Die elite van die antieke heidense samelewing het handwerk geminag (Hock 1978:560; Arbesmann 1973:248). Aan die ander kant was daar tog ook diegene wat die ekonomiese, morele en intellektuele waarde van werk belig het (Mondolfo 1954:5). Chrusostomos beweer dat ryk mense in die eerste plek nie oor handvaardighede beskik het nie. Hy sê: “Hulle weet nie hoe om met koper te werk nie (χαλκεύειν), hulle kan ook nie skepe bou nie (ναυπηγεῖν), hulle weet ook nie hoe om te weef nie (ύφάινειν), ook nie hoe om huise te bou nie (οικοδομεῖν), ook niks van ander soortgelyke dinge nie” (*In Matt.*, hom xlix, MPG 58.500.46–50).

Ryk mense sou derhalwe nooit 'n vervaardiger (δημιουργός), of 'n huisbouer (οικοδόμος), of 'n houtwerker (τέκτων) of 'n skoenmaker (ύποδηματορράφος), of 'n bakker (άρτοποιός), of 'n landbouer (γεωργός), of 'n kopersmid (χαλκοτύπος), of 'n toumaker (σχοινοστρόφος) kon word of enige ander sodanige ambag kon beoefen het nie. Iemand wat wel so 'n beroep beoefen en ryk geword het, het dit dadelik gelos (*In ep. i ad Cor.*, hom. xxxiv, MPG 61.292.5–20).

Ryk mense moes 'n ander rol vervul: Hulle moes die armes help. En as hulle dit sou doen, sou dit 'n beter vaardigheid wees as al die ander beroepsvaardighede (*In Matt.*, hom. xlix, MPG 58.500.46–50). Sulke mense se werkwinkel is in die hemel en Christus is hulle leermeester; hulle gebruik nie gereedskap wat van yster en koper gemaak is nie, maar goedheid en 'n goeie gewete.

Chrusostomos verwys dikwels na die positiewe rol wat armoede speel en hoe beide armes en rykes daardeur bevoordeel word. Ryk mense help arm mense deur vir hulle aalmoese te gee, maar arm mense help ook weer die ryk mense deur vir hulle te bid en hulle te help om toegang tot die hemel te verkry (kyk bv. Holman 2001:19–20).

Chrusostomos veroordeel nie ryk mense as sodanig nie, maar wel ryk mense wat ledig is, met ander woorde ryk mense wat nie met hul rykdom “werk” deur armes te help nie (Grant 1977:95).

3. Maatstawwe waaraan beroepe moes voldoen

'n Mens se beroep moes volgens Chrusostomos aan drie maatstawwe voldoen. Die eerste twee beginsels wat hy keer op keer in sy homilieë benadruk, is dat jou vaardighede en kuns beide nuttig (χρήσιμος) en noodsaaklik (ἀναγκαῖος) moes wees. In een van sy preke (*In Matt.*, hom. xlix, MPG 58.502.7–15) verduidelik hy dit soos volg: Beroepe soos medies (ιατρικός) en die vermoë om huise te bou (οικοδομικός) voldoen aan hierdie vereiste; fyn kookkuns (ὀψαρτυτικός) en die maak van speserye (καρυκευτικός) is egter glad nie noodsaaklik nie – intendeel, dit het geen voordeel nie en is skadelik vir beide jou liggaam en jou siel. Eintlik moet skilderwerk (ζωγραφικός) en wewery (ποικιλτικός) ook nie as handvaardighede (τέχνη) bestempel word nie, want dit voldoen nie aan die vereiste van nuttigheid nie. God het die mens vaardighede gegee wat noodsaaklik is om te kan lewe. Prente op mure en klere is tog nie nuttig nie. Volgens Chrusostomos behoort bouers huise te bou, nie teaters nie. Dieselfde geld vir die skoenmakers (ὕποδηματορράφος) en wewers (ὕφαντός): Hulle behoort hulle bedrywigheide in te kort, want baie van hulle werke het ontaard. Dit is nog in orde as die kleremakers klere of komberse maak; dan is Chrusostomos nog bereid om dit 'n vaardigheid (τέχνη) te noem. Maar sodra hulle spinnekoppe begin naboots en 'n absurditeit skep deur onuitspreeklike sagtheid (vroulikheid) in te bring, is dit verkeerd. Chrusostomos is bereid om die skoenmakers (ὕποδηματοποιός) se werk as 'n ambag te erken, maar as hulle mans soos vroue laat lyk deur vir hulle verfynde, delikate skoene te maak, sou hy dit nie meer 'n kuns (τέχνη) noem nie (*In Matt.*, hom. xlix, MPG 58.502.7–15).

Laasgenoemde moet nie slegs as uitsprake teen homoseksualiteit geïnterpreteer word nie. In 'n uitstekende artikel verduidelik De Wet (2014a:189) dat 'n hele klomp konsepte in Chrusostomos se denke as homoërotisme bestempel kan word, insluitende pederastie, prostitusie en die verskynsel van mans wat vroulik voorkom. 'n Man se uiterlike voorkoms moet “grof” wees as simbool van sy selfbeheersing en dat hy selfonderhoudend is (De Wet 2014a:208–9). De Wet verduidelik dat “homoeerotic behaviour caused a gender inversion, which replaced natural relations with the unnatural, and caused enmity between the sexes which made marriage obsolete” (De Wet 2014a:199). Beroepe het dus duidelike grense, en beroepsmense moet seker maak dat hulle nie hierdie grense oorskry nie.

Maar dan is daar ook 'n derde maatstaf waaraan 'n mens se beroep moet voldoen: Dit moet nie net noodsaaklik en nuttig vir jouself wees nie, dit moet ook vir ander mense tot nut wees. Ambagsmanne (χειροτέχνης), soldate (στρατιώτης), landbouers (γεωργός) en handelaars (ἔμπορος) leef nie net vir hulleself nie, maar dra by tot hul naaste se voordeel en die algemene voordeel (πρὸς τὸ κοινῆ συμφέρον) (*In Matt.*, hom. lxxviii, MPG 58.710.26–31). Die ystersmid (σιδηροκόπος), leersnyer/skoenmaker (σκυτοτόμος), landbouer (γεωργός) en bakker (σιτοποιός) beoefen almal beroepe wat nodig (ἀναγκαῖος) is, maar hulle moet die vrug van hul arbeid ook met ander deel (*In ep. i ad Cor.*, hom. x, MPG 61.87.3–6). Net so moet ander mense ook kan deel in die winste van die seeman (ναύτης) se vaarte, die soldaat se suksesse in oorloë, en die landbouer (γηπόνος) se oeste. As die boer byvoorbeeld besluit om sy oes in sy huis weg te steek, sal hy 'n groot hongersnood veroorsaak (*In ep. i ad Cor.*, hom x, MPG 61.87.7–28).

Chrusostomos (*In Matt.*, hom. lii, MPG 58.523.7–17) verduidelik breedvoerig hoe mense by mekaar se beroepe baat kan vind. Hy gebruik die landbouer (γεωργική) as voorbeeld van iemand wat by ander se werk baat: Die kopersmid leen vir die landbouer 'n skoffel (δίκελλα), 'n ploegskaar (ὄννη), 'n sekel (δρεπάνη), 'n byl (πέλεκυς) en ander werktuie; die skrynwerker (τεκτονικός) maak die raamwerk van die ploeg (ἄροτρον), 'n juk (ζεύγη) en 'n wa (ἄμαξα);

die skoenmaker (σκυτοτομικός) maak 'n leerharnas (ιμάς); die bouer (οικοδομικός) bou 'n stal vir die osse (ταῦρος) waarmee die landbouer ploeg en huise vir die saaiers (σπείρειν γεωργός); en die houtkapper (δρυμοτομική) kap die hout.

In 'n ander geskrif benadruk Chrusostomos dat geen beroep net sy eie voordeel mag soek nie. As 'n seevaarder (κυβερνήτης) net sy eie wins soek, sal hy gou sink. As 'n landbouer (γεωργός) net genoeg koring vir homself saai, sal hy en ander mense verhonger. Ook soldate (στρατιώτης) wil nie net hul eie veiligheid verseker nie, maar ook dié van die stede. En 'n sakeman (ἔμπορος) bring nie net vir homself goedere huis toe nie, maar ook vir ander (*In ep. i ad Cor.*, hom. xxvi, MPG 61.210.61–211.15).

Wanneer 'n mens al Chrusostomos se uitsprake noukeurig bestudeer, kom jy agter die rede vir sy oortuiging dat 'n gelowige altyd sy bronne met ander moet deel, is dat ons en al ons bronne aan God behoort en dat ons almal medediensknegte van mekaar is (Avila 1983:84). Almal staan onder God se sorg, en elkeen het dus die reg om bevoordeel te word deur God se voorsieningheid. 'n Verdere rede vir die verpligting om te deel, is die konsep van *genoeg* versus *oorvloed* wat soos 'n goue draad deur al die geskrifte van die kerkvaders loop (Stander 2014:29).

4. Hiërargie van beroepe

Arbesmann (1973:252) sê: “As all Christian authors before him, Augustine does not recognize any gradation of labor according to social status.” Volgens Arbesmann is Augustinus se enigste vraag of 'n beroep “honorable” of “dishonorable” is, dit wil sê of dit moreel toelaatbaar is. Maar Arbesmann is nie korrek nie. Chrusostomos groepeer die toumaker (σχοινοστρόφος) en die kopersmid (χαλκοτύπος) saam met die groot aantal mense van die laer klas (ὁ πῶλος τῶν ἀγοραίων δῆμος) (*In Matt.*, hom. xx, MPG 57.288.39–43). Elders verwys hy na sekere beroepsmense as “waardelose broers” (εὐτελής ἀδελφός) wat nietemin ons omgee en sorg verdien. Maar dan voeg hy gou by dat ons nooit moet sê iemand is 'n dwaas (ἀνόητος) omdat hy 'n kopersmid (χαλκοτύπος) of 'n skoenmaker (ὑποδηματορράφος) of 'n landbouer (γεωργός) is nie. Ons moet nie sodanige beroepsmense verag nie (*In Matt.*, hom. lix, MPG 58.569.32–37). Chrusostomos sê Christus vra ons om beskeie te wees. Hieruit kan ons aflei dat die gemeenskap op hierdie beroepe neergesien het.

Net soos in ons eie samelewing het sosiale rangorde 'n groot rol gespeel in die antieke samelewing. Malina (2000:369) definieer *social ranking* as “the ordered arrangement of social units (persons and/or groups) along a scale or scales calibrated in terms of some commonly accepted basis of valuation”. Die kriteria wat vir so 'n sosiale rangorde gebruik word, verskil van samelewing tot samelewing. In ons moderne samelewing is dit rykdom/geld. Een van die kriteria in die antieke wêreld was familieverwantskap. Ook beroepe het rangordes gehad. Soos Malina (2000:369) sê: “Not only were occupations rank-specific, so were the places where these occupations were pursued.” Hierdie beginsel van rangorde kom duidelik na vore in Chrusostomos se bespreking van beroepe. Die criterium wat Chrusostomos gebruik om te bepaal waar in die rangorde 'n beroep inpas, is weer eens die vraag of die beroep nuttig (χρήσιμος) en nodig (ἀναγκαῖος) is. Hy sê vaardighede soos landbou (γεωργικός), weefkuns (ὑφαντικός) en bouwerk (οικοδομικός) is bo aan die lys, want dit is nodig (ἀναγκαῖος) en dit hou ons aan die lewe (συνέχουσιν ἡμῶν τὸν βίον); ander beroepe, soos kopersmid (χαλκευτικός), houtwerker (τεκτονικός) en herder (ποιμαντικός), is bloot aanvullend (διάκονος) hiertoe. Maar

van hulle almal, sê hy, is landbou die belangrikste. God het dit in elk geval ingestel toe God die mens gemaak het. 'n Mens kan nog sonder skoene en klere leef, maar nie sonder landbou nie (*In ep. ad ii Cor.*, hom. xv, MPG 61.506.33–507.11).

Chrusostomos voeg by dat mense hulle behoort te skaam as hulle 'n behoefte het aan oorbodige vaardighede of kunste (οἱ τῶν περιττῶν χρήζοντες τεχνῶν) soos die kookkuns (μάγειρος), koekbak (πλακουντοποιός), borduurwerk (ποικιλτήης) en duisende ander soortgelyke vaardighede; dit is alles nuttelose kuns (ματαιοτεχνία). Dan prioritiseer Chrusostomos die beroepe ondubbelsinnig: eerstens landbou (γεωργικός), tweedens weefwerk (ὕφαντικός), derdens bouwerk (οἰκοδομικός), en laastens om skoene (ὕπόδημα) te maak. Dit is dan volgens hom die beroepe wat nuttig (χρήσιμος) en nodig (ἀναγκαῖος) is (*In ep. ad ii Cor.*, hom. xv, MPG 61.506.33–507.11).

5. Vroue in die werkplek

Dit lyk of vroue se plek in die arbeidsmark maar baie beperk was (kyk Stander 2014:29). Een van die min arbeidsterreine vir vroue waarvan Chrusostomos ons vertel, is wewery. Hy beskou vroue as swak vanweë hul leefstyl en hul opvoeding. Hy sê hulle het in die skaduwee grootgeword, met ander woorde hulle het onder maklike omstandighede grootgeword; hulle het nie in die son gewerk soos landbouers nie. Hulle is baie onaktief, hulle is gedurig in die baddens, hulle gebruik salwe en hope parfuumsoorte, hulle sitbanke is sag, en dit alles het hulle gemaak wat hulle is (*In ep. ad Hebr.*, hom. xxix, MPG 63.206.44–50). Ons moet egter ook maar bedag wees op Mayer (1999:266) se opmerking dat die meeste vroue in Chrusostomos se leefwêreld ryk was. Chrusostomos se kennis rakende vroue in die algemeen was dus baie beperk.

Chrusostomos sê God het mense verskillend gemaak. God het heerskappy (ἀρχή) en superioriteit (ὑπεροχή) aan die man gegee, terwyl Hy aan die vrou begeerte (ἐπιθυμία) gegee het en die gawe om kinders te kry (παιδοποιίας δὲ δῶρον). Verder het God die huis aan haar toegewys, en die markplek aan die man; aan haar die maak van klere, want die weefstok en die spinstok is vir die vrou, en aan hom die taak om kos te verskaf, want hy moet die grond bewerk. Volgens Chrusostomos het God self aan die vrou die vermoë gegee om te weef (*In ep. ad i Cor.*, hom. xxxiv, MPG 61.291.42–61). Karras (1991:136) argumenteer egter dat Chrusostomos geglo het God het nie aanvanklik bedoel die man moet die vrou oorheers nie; manlike oorheersing het eers ná die sondeval ingetree as straf vir die vrou wat haar gelykheid met die man misbruik het toe sy haar man van God af weggelei het. Maar Clark (2006:167) sê heel tereg Chrusostomos se konstruksie van die vrou “relies heavily on the stereotyping, naturalizing, and universalizing functions of ideology”.

Chrusostomos se siening van manlike superioriteit is die heel duidelikste sigbaar in sy bespreking van die *imago Dei* in Genesis 1:27 (Clark 2006:169). Chrusostomos betreur die feit dat daar 'n “verslapping” (βλακεία) in die weefbedryf ingetree het wat gemaak het dat mans met die weefstoel (ἰστός) begin werk het en 'n weefspoel (κερκίς), dwarsdraad (κρόκη) en skering (στήμων – lengtedrade van weefsel) in hul hande geneem het (*In ep. ad i Cor.*, hom. xxxiv, MPG 61.291.42–61). Chambers (1889:205) vertaal βλακεία met “effeminacy”. Dit lyk dus of hy dink dat mans vroue se werkplek oorgeneem het vanweë hulle verfyndheid. Dit is egter nie korrek nie. Die “verslapping” (βλακεία) van die konvensie het niks met die mans se verfyndheid te doen gehad nie. Chrusostomos skryf die vervanging van vroue met mans by die

weefstoel direk toe aan geldgierigheid (φιλαργυρία). Dalk kon die mans meer produkte lewer, wat tot meer weelde kon lei, en het hulle daarom gekies om ook op die weefstoel te werk. Dit strook met De Wet (2014b:249) se opmerking dat “the most notable un-men in Chrysostom’s writings are men who submit to the passions, especially lust, vainglory, and luxury.”

Chrusostomos voeg egter by dat vroue gelukkig steeds in ander noodsaakliker sake benodig word (ἐν ἄλλοις ἀναγκαιοτέροις σφόδρα δεόμεθα). Hy meen ons benodig die hulp van ons ondergeskiktes (ἐλάττων) in dinge wat ons lewe bymekaar hou. Daarmee sê hy dat die vrou steeds ’n belangrike rol in die huis vervul (*In ep. i ad Cor.*, hom. xxxiv, MPG 61.291.42–61).

6. Nywerhede

Die algemene opvatting is dat die antieke mens nooit enige ambag tot ’n bedryf omvorm het nie. Tog lees ’n mens dikwels in patristiese werke van ’n soort nywerheid. Chrusostomos vertel byvoorbeeld die meesteres van die huis (ἡ κυρία τῆς οἰκίας) sit op haar stoel in die huis met alle gepastheid (εὐσχημοσύνη) terwyl die diensmeisies (θεραπευαίνες) in stilte weef en elkeen van die ander diensknegte (οἰκέτης) met hul toegewyste take voortgaan (*In ep. i ad Cor.*, hom. xxxvi, MPG 61.313.22–27). Dit strook met Gregorius Nazianzus se verwysing na wewers wat in ’n weefsaal gewerk het (*Oratio* xliii.57). Verder sê Chrusostomos dat ambagsmanne (τεχνίτης) wat vir hulleself werk, meer geld kry as diegene wat vir werkgewers werk (*In ep. i ad Cor.*, hom. xliii, MPG 61.372.11–15). Chrusostomos verwys ook na Paulus wat as tentmaker (σκηνοποιός) nie alleen velle aanmekaar vasgewerk het nie, maar ook oor ’n werkswinkel toesig gehou het (ἐργαστηρίου προειστήκει) (*In ep. ad Rom.*, hom ii, MPG 60.407.17–21). Ondanks al hierdie verwysings kan ’n mens steeds nie die ekonomie van die antieke wêreld as industrieel beskryf nie, omdat dit nie die oorhoofse kenmerk van die ekonomie was nie.

7. Handeldryf

Soos so baie van die kerkvaders, het ook Chrusostomos absoluut ’n afsku gehad van beroepe wat om geld gegaan het. Hy verwys selfs na geldskieters as “adders” (ἡ ἔχιδνα) (*In Matt.*, hom. lvi, MPG 57.558.19). Dit was vir die kerkvaders moeilik om te verstaan hoe handeldryf byvoorbeeld as ’n “beroep” bestempel kon word (Stander 2014:31). Watter “arbeid” het die persoon ingesit om die wins te regverdig?

Die kerkvaders het veral twee besware teen handeldryf gehad. In die eerste plek is dit gedryf deur gierigheid. Chrusostomos gebruik onder andere die geldskietter (δανειστής) as ’n voorbeeld. Hy sê die geldskietter kan nie eens sy besittings geniet nie, want selfs wanneer die rente aan hom terugbetaal word, is hy bedroef dat die kapitaalbedrag nog uitstaande is (*In Matt.*, hom. lvi, MPG 58.558.13–19).

Die tweede beswaar teen handel was dat daar geglo is dat dit op bedrog neerkom. Handelaars bedrieg diegene wat by hulle koop. Chrusostomos se sterk afkeuring van handel word veral duidelik wanneer hy sê dat ’n mens die kerk veel minder onteer deur ontlasting (κόπρον) in die kerk in te dra as deur in die kerk oor winste (κέρδος), handeldryf (ἐμπορία) en klein verkope (καπηλεία) te praat. Hy voeg by dat die kerk eerder met engelekre gevul moet wees, en dit

moet 'n hemel wees met gebede en waar daar geluister word (*In Matt.*, hom. lxxxviii, MPG 58.781.7–782.4). 'n Mens moet hierdie uitspraak ook sien in die lig van die kerkvaders se sterk teenkanting teen enige gepraat en geraas tydens die dienste; daar moes stilte in die kerk wees, soos wanneer monnike in kloosters aanbid (Adkin 1985:161–163).

Chrusostomos was baie ontsteld wanneer materialisme in die kerk ingekom het. Hy betreur byvoorbeeld die feit dat sommige biskoppe meer besorg was oor dinge waaroor skatkis-amptenare (ὕποδέκτης), belastinggaarders (φορολόγος) en boekhouers (λογιστής) besorg was as oor siele (*In Matt.*, hom. lxxxv, MPG 58.24–29). Pleks dat hulle bid en die mense leer, spandeer hulle tyd daaraan om te baklei met wynverkopers (οἰνοπώλης), koringverkopers (σιτοπώλης) en ander wat ander items verkoop (τὰ ἕτερα κατηλεύουσιν ὄνια) (*In Matt.*, hom. lxxxv, MPG 58.762.39–44). Ondanks die feit dat die kerkvaders rykdom dikwels veroordeel het, het die kerk en kerklike amptenare vanaf die 4de eeu baie eiendomme deur erflating en geskenke verkry (Stander 2014:27). En saam met die rykdom het hulle ook mag verkry.

Die handelaars se goedere moes vervoer word, en die goedkoopste vervoer was per see. Daarom lees ons dikwels van handelaars (ἔμπορος) wat met seevaarders saamgewerk het om wins te maak. Ons weet die Romeine het al van die 1ste eeu v.C. groot skepe van 250 tot 450 ton gebou (Garnsey en Saller 1987:49). Net die rykes kon sulke duur skepe bekostig, en dit onderstreep ons afleiding dat handelaars en skeepsvaarders gewoonlik welvarend was. Chrusostomos vertel dat 'n handelaar wat graag wou ryk word, 'n skip aangeskaf het, seemanne (ναύτας) bymeakaargemaak het, 'n stuurman (κυβερνήτης) aangestel het, geld geleen het, en dan die see oorkruis het en gevare trotseer het om sy doel te bereik (*In Ioan.*, hom. i, MPG 59.28.19–26). Die skepe het ook roeiers (ἑρέτης) gehad, iemand by die uitkykpos op die boeg van die skip (πρωρέυς) en 'n stuurman (κυβερνήτης) (*In Matt.*, hom. xlix, MPG 58.501.1–42).

8. Landbou

Baie Grieke het geglo die sloofwerk van landbou is 'n vloek (Welles 1967:22). Verder is in die Antieke Oudheid geglo 'n landbouer moes sy afhanklikheid van die godheid erken as hy suksesvol wou wees (Danzig 2003:72). Maar daar was ook ander stemme, soos dié van Plato en Aristoteles, wat landbou as eerwaardig beskou het (Balme 1984:145). Al die sogenaamde eerlike beroepe (δίκαια ἔμπορία) op Chrusostomos se lys is geassosieer met velde (ἀγρός), kuddes (ποιμνιον), troppe vee (βουκόλιον), veeteelt (θρέμμα), handewerk (χείρ) en die versorging van eiendom (ἡ ἐπιμέλεια τῶν ὄντων) (*In Matt.*, hom. lvi, MPG 58.558.3). Aangesien die antieke ekonomie primêr 'n landelike ekonomie was, is hierdie lys heeltemal te begrype (Stander 2014:29).

9. Vissermanne

Vissermanne is dikwels met armoede geassosieer (*In Ioan.*, hom. ii, MPG 59.29.38–41). Chrusostomos groepeer byvoorbeeld die visserman (ἀλιεύς), tentmaker (σκηνοποιός), tollenaar (τελώνης), onkundige (ιδιώτης) en ongeletterde (ἀγράμματος) almal saam en sê dit moet Goddelike krag wees wat gemaak het dat hulle die filosowe, die meesters van retorika en die

slim debatteerders kon oortref wanneer hulle oor die hoop in hulle gepraat het (*In ep. i ad Cor.*, hom. iii, MPG 61.28.17–30).

Tog moet 'n mens hierdie uitsprake van Chrusostomos nie op sigwaarde aanvaar nie, aangesien dit ook 'n retoriese tegniek kon wees om die wonderbaarlikheid van die opgang van die Evangelie onder sulke omstandighede te benadruk. Hy sê byvoorbeeld ook dat alles teen die verkondiging van die Evangelie getel het. Jesus is nie alleenlik gebore uit 'n arm Joodse vrou wat met 'n ambagsman getroud was nie, daar was ook ander goed wat mense met afsku vervul het, soos die feit dat die boodskap deur 'n tentmaker (σκηνοποιός) en 'n visserman (ἀλιεύς) bevestig is (*In ep. i ad Cor.*, hom. v, MPG 61.46.32–40). Chrusostomos het geglo Paulus het so 'n beroep beoefen omdat hy nie van 'n hoë sosiale stand afkomstig was nie (*De laud. S. Pauli*, MPG 50.494.20–22). Hock (1978:556–9) meen egter dat Paulus van 'n aristokratiese klas was, maar dat hy as tentmaker gewerk het om sy status te verloor en as 'n slaaf voor te kom. Still (2006:791) verskil met Hock en sê dat Hock te swaar op Grieks-Romeinse parallelle gesteun het, terwyl hy Joodse geskrifte nie genoegsaam in ag geneem het nie.

10. Militêre lewe

Om aan militêre bedrywighede deel te neem was een van die merkers van manlikheid in die antieke Romeinse Ryk (*De Wet* 2014b:230–1). Anders as baie ander Christelike outeurs het Chrusostomos 'n redelik gematigde houding teenoor deelname aan militêre bedrywighede gehuldig. Hy gebruik dus ook dikwels beelde uit die militêre lewe om die geestelike lewe te illustreer (*De Wet* 2014b:232). In een so 'n geval vertel Chrusostomos dan ook vir ons van 'n hele klomp beroepe in die weermag: boogskutters (τοξότης), diegene wat met 'n slingervel gooi (σφενδονιστής), offisiere (ταξίαρχος), generaals (στρατηγός), voetsoldate (ὀπλίτης), perde-ruiters (ἵππεύς), spiesdraers (ἀκοντιστής), bevelvoerders van trieme (τριήραρχος), en gewone soldate (στρατιώτης) (*De sac.*, bk. vi 6.12.135–142).

11. Geneeshere

Alhoewel sekere kettters, soos Marcion, op grond van hul uitermatige dualisme gekant was teen die gebruik van medisyne, het die meeste kerkvaders medisyne gunstig beoordeel, selfs al het hulle ook geglo dat God sonder medisyne kan genees (Amundsen 1982:349–350). Chrusostomos moedig byvoorbeeld die siek Olympias aan om bekwame dokters te gaan besoek (Amundsen 1982:340). Al was Chrusostomos nie 'n medikus nie, is dit uit sy geskrifte duidelik dat hy deeglik ingelig was oor die laat-antieke mediese kennis en praktyke (*De Wet* 2019:412). Dit is duidelik dat hy groot respek vir mediese dokters (ιατρός) gehad het (*In ep. i ad Cor.*, hom. v, MPG 61.40.54–56). Chrusostomos gee selfs vir ons so 'n kykie in hoe die dokters hulle beroep beoefen het. Hy vertel dat die geneeshere (ιατρός) verskillende metodes gebruik het om te genees. As een nie werk nie, probeer hulle 'n ander metode. Hulle gebruik die mes, of hulle verbind net die wond (*In Matt.*, hom. xxx, MPG 57.362.18–27). Die geneesheer (ιατρός) kon ook die liggaamsdeel wat nie genees nie, amputeer (*In Matt.*, hom. xxxv, MPG 57.405.16–17). Wanneer 'n geneesheer (ιατρός) 'n sweer (σηπεδών) wou uithaal, moes hy sy vingers in die wond druk, en as hy nie sy eie hande wou vuil maak nie, sou hy nie die wond kon genees nie (*In ep. ad i Thess.*, hom. v, MPG 62.427.14–17). Wanneer 'n dokter (ιατρός) 'n sweer wou

verwyder, het hy nie eens gewonder oor hoe hy sy hande gaan skoon hou nie; hy het net een doel gehad, en dit was om die sweer te verwyder (*In ep. i ad Cor.*, hom. xxxvii, MPG 61.320.39–42). Dit is uit hierdie beskrywing duidelik dat daar nie juis veel sprake van higiëne was nie!

Chrusostomos vertel dat geneeshere (ιατρός) nie alleen hulle professionele vaardighede (ἡ τέχνη μόνη) aangewend het wanneer iemand siek was nie, maar dit soms ook met bedrog (ἀπάτη) vermeng het. In een so 'n geval wou 'n pasiënt wat erge koors gehad het, geensins van die dokter se professionele kennis gebruik maak nie en het gevra dat hulle eerder vir hom 'n beker suiwer wyn moet gee. Almal het geweet dat dit dodelik sou wees vir hom. Die dokter neem toe 'n beker wat pas uit die bakoond gekom het, week dit in wyn, gooi toe die wyn uit en vul dit met water. Daarop vra hy dat die kamer donker gemaak moet word sodat die pasiënt nie kon sien dat dit water is nie. Die pasiënt het die wyn geruik en was dus onder die indruk dat hy wyn drink. So is hy toe genees (*De sac.*, bk 1.7.1–1.7.40).

Hierdie verhaal suggereer moontlik dat Chrusostomos soms ook maar sy bedenkinge oor die eerbaarheid van geneeshere gehad het. Geen wonder nie dat hy elders ook sê as 'n mens na 'n dokter (ιατρῆιον) toe gaan, is dit nie die einde van die storie nie; 'n mens moet leer om jouself te behandel en medisyne (φάρμακον) te gebruik (*In ep. ad Eph.*, hom. vii, MPG 62.49.15–17).

12. Filosowe

Die Griekse kerkvaders was oor die algemeen nie gekant teen Griekse filosofie nie, alhoewel hulle sekere aspekte daarvan veroordeel het (Constantelos 1991:114–115). Chrusostomos het 'n goeie klassieke opvoeding gehad (Constantelos 1991:111), maar was nogtans baie krities teenoor die Griekse filosofie (Constantelos 1991:118). Hy verwys onder andere na hoe min waarde Plato se *Republiek* het. Selfs as so 'n werk dalk wel enige voordeel sou hê, dra dit nog steeds niks by tot 'n mens se lewe nie. Chrusostomos sê as 'n plaasboer (γεωργός), 'n kopersmid (χαλκοτύπος), 'n bouer (οικοδόμος), 'n stuurman (κυβερνήτης) of enigiemand anders wat sy lewensbestaan aan die werk van sy hande te danke het, soveel tyd moes spandeer om vas te stel wat regverdigheid (τὸ δίκαιον) is, dan sou hulle van honger doodgegaan het sonder om enigiets nuttigs (τὸ χρήσιμον) te geleer het (*In Matt.*, hom. i, MPG 57.19. 43–57).

13. Leermeesters

Verskeie beroepe was betrokke in die versorging en opvoeding van kinders. Dit is nie altyd duidelik presies wat die verskille tussen dié beroepe was nie. Ons weet kinders het elke dag na hulle onderwysers (διδάσκαλος) gegaan en dat hulle soms ook in die nag les moes gehad het (*In Ioan.*, hom. xxv, MPG 59.147.43–48). Maar kinders het ook versorgers (τροφεύς) en tutors (παιδαγωγός) gehad (*In ep. i ad Thess.*, hom. ix, MPG 62.445.47–51). Dit lyk of die onderwysers hul taak in die skool verrig het, terwyl die versorgers en tutors se hulp eerder ondersteunend was; hulle het onder andere die kinders ook tuis gehelp.

Ons kry ook nogal 'n interessante prentjie van hoe die skooldag verloop het. Die leermeesters (διδάσκαλος) moes die letters vir die kinders mooi neerskryf sodat hulle dit kon naboots (*In Ioan.*, hom. lxxi, MPG 59.385.55–58). Chrusostomos sê Moses het die tablette met die

Tien Gebooië stukkend gegooi net soos 'n skoolmeester (διδάσκαλος) 'n kind se tablet stukkend gooi om sy woede te wys as hy sien die kind het verkeerd geskryf. Kinders se ouers was nie eens kwaad as 'n onderwyser 'n tablet gebreek het omdat die kinders hulle eie ding gedoen het en nie aandag gegee het nie (*In ep. ad Col.*, hom. iv, MPG 62.329.26–36). As die ouers egter agtergekom het dat hul kinders niks daarby baat om na 'n spesifieke leermeester (διδάσκαλος) te gaan nie en selfs met leë skryf-tablette (δέλτος) huis toe kom, dan het hulle die onderwyser daarvoor blameer en hulle kinders na 'n ander onderwyser gestuur (*In Matt.*, hom. xi, MPG 57.200.27–35).

14. Ambagsmanne

In die lig van die kriteria wat Chrusostomos self aangelê het om te bepaal wat goeie beroepe was, het hy ambagsmanne (χειροτέχνης) hoog aangeslaan. Hulle het immers 'n regverdigde taak in die sweet van hul aangesig verrig. Tog het hy hulle gewaarsku om nie te verval in booshede soos gierigheid nie. Deur te koop en te verkoop kon hulle maklik ook in hulle edele beroep ongeregtheid (ἀδικία) soos vals beloftes en leuentaal inbring en van die armes vergeet (*In Matt.*, hom. lxi, MPG 58.591.23–34). Sommige ambagsmanne het goed geld gemaak wanneer hulle hul goedere verkoop het. Ons lees dat daar baie geld te vinde was in die winkel van 'n silwersmid (ἀργυροκοπεῖον), in die tavernes (πανδοχείον), en in die winkels van hulle wat goud gesmelt het (χρυσοχοεῖον) (*In ep. i ad Cor.*, hom. xi, MPG 61.92.58–61). Ook die toumaker (σχοινοστρόφος), die kopersmid (χαλκοτύπος) en die handelaar (ἀγοραῖος) is met weelde geassosieer (*Ad illum. cat.*, MPG 49.238.50–60).

Selfs die aard van ambagsmanne se beroep kon aan 'n beroep waarde gee. Wanneer Chrusostomos byvoorbeeld gesien het hoe mense die erts uit 'n myn smelt, of hoe die grond in hulle hande tot goud, silwer of koper verander, het die ambagsman se werk hom aan God se skeppende krag herinner. Party het sand gebruik om deurskynende glas te maak en ander het leer verwerk of klere purper gekleur (*In ep. i ad Cor.*, hom. xvii, MPG 61.142.20–28). Volgens Chrusostomos het ambagsmanne dus net op kleiner skaal gedoen wat God op groot skaal gedoen het!

15. Vakleerlingskap

Die antieke mens het nie onderskeid getref tussen 'n vaardigheid en 'n beroep nie. Die woord τέχνη is gebruik om alle beroepe te beskryf, ongeag of dit 'n bouer of 'n dokter was (Westermann 1914:305). Elke beroep het uit twee bene bestaan, naamlik die beoefening van die beroep, en om iemand anders te leer om die beroep te beoefen. Die dokter wat touwys maak, is 'n leermeester (διδάσκαλος), en die vakleerling is 'n student (μαθητής) (Westermann 1914:305). Die beroep wat iemand gevolg het, was dikwels oorgeërf, al was dit vanweë noodsaak. Chrusostomos noem byvoorbeeld dat 'n baie arm visserman soms verplig was om sy seun in dieselfde ambag (ἐργασία) op te lei. Hy sê almal het geweet geen ambagsman (χειροτέχνης) sou kies om sy seun in sy eie ambag op te lei nie, behalwe as hy daartoe gedwing is deur armoede, veral in die geval waar dit 'n waardelose of goedkoop (εὐτελής) ambag was (*In Ioan.*, hom. ii, MPG 59.29.38–44).

Vakleerlinge het ten nouste saam met hulle leermeesters gewerk. So lees ons dat 'n stuurman (κυβερνήτης) sy leerling langs hom laat sit het en hom dan gewys het hoe die roerpen werk. Ook 'n huisbouer (οικοδόμος) het die een wat 'n muur wou oprig, langs hom laat sit, en net so ook die wewer (ύφάντης), die borduurwerker (ποικιλτής), die goudsuiweraar (χρυσοχόος) en die kopersmid (χαλκοτύπος). Al hierdie beroepsmense het hulle vakleerlinge beide mondelings en prakties geleer wat hul werk behels (*In illud: Pater, si possibile*, MPG 51.38.23–38).

16. Die verloop van 'n werksdag

Chrusostomos wys daarop dat God die seisoene so bepaal het dat ons liggame tot rus kan kom. Die meeste mense kon nie hulle beroepe in die winter beoefen nie. Die seevaarder (ναύτης), die stuurman (κυβερνήτης), die reisiger (όδοιπόρος), die soldaat (στρατιώτης) en die landbouer (γεωργός) moes vir die grootste deel van die winter by die huis sit en kon dan nie werk nie as gevolg van die ryp en sneeu (*Ad pop. Antioch.*, hom. ix, MP49.107.7–13).

Verder was 'n werksdag ten nouste gekoppel aan die natuurelemente: Wanneer die son opgekom en sy strale na alle kante gegooi het, het dit die mense opgeroep om te gaan werk. Die landbouer (γεωργός) het dan sy tweetandvurk (δίκελλα) gevat, die goudsmid (χαλκοτύπος) sy hamer (σφυρα), elkeen van die ambagsmanne (δημιουργός) hul onderskeie gereedskapstukke, en die vrou haar spinstok (ήλακάτη) of haar weefstokke (ύφασμα) en werk toe gegaan (*In Acta*, hom. xxxv, MPG 60.256.29–34).

Gedurende die dag was daar min rustyd. Hulle het van sonsopkoms tot sononder gewerk. Chrusostomos sê 'n ambagsman (τεχνίτης) het dikwels gesweer hy sal nie sy handlanger toelaat om te eet of te drink voordat hy sy werk afgehandel het nie. Maar wanneer die aand hulle oorval het en die werk steeds nie klaar was nie, moes die ambagsman maar sy woorde herroep en sy handlanger toelaat om te eet sodat hy darem nie sou sterf nie (*Ad pop. Antioch.*, hom. xiv, MPG 49.145.25–31). Handwerkers (χειροτέχνης) kon darem psalms sing terwyl hulle so gesit en werk het, hetsy hardop of in die hart (*Ad illum. cat.*, MPG 49.237).

Alhoewel daar in die antieke Romeinse wêreld geen amptelike aftree-ouderdom was nie, het ouer mense soms teruggetrek na hul villas en daar gerus (kyk De Wet 2016:505–506). Dit was egter nie vir arm mense en slawe beskore nie. Chrusostomos vertel ons dat die seevaarder (κυβερνήτης) en die soldaat (στρατιώτης) tot op 'n hoë ouderdom (μέχρις ήλικίας έσχάτης) moes werk (*In ep. ii ad Cor.*, hom. ix, MPG 61.465.1–5). Hy gebruik hierdie twee beroepe waarskynlik bloot as voorbeelde; dit beteken nie dat dit nie ook waar was van ander beroepe nie.

17. Ledigheid

Die kerkvaders het deur die bank geglo dat daar van Christene verwag word om hard te werk (Ovitt 1986:490). Chrusostomos het te velde getrek teen mense wat ledig was of nie wou werk nie (*In ep. i ad Cor.*, hom. v, MPG 61.47.1–6). Hy verwys dan na Paulus wat selfs bereid was om 'n tentmaker (σκηνοποιός) te wees, en voeg by dat mense wat handewerk gedoen het, hulle nie daarvoor hoef te skaam nie. Dit is veel eerder 'n skande om nie te werk nie, of om deur 'n klomp diensknegte bedien te word. Om jou lewensonderhoud met harde werk te verdien, is

eintlik 'n soort asketisme (φιλοσοφίας εἶδος). Sulke mense se siele is helder en hulle denke is kragtig.

Hierdie preek is waarskynlik in Antiochië in Sirië gelewer, en daarom was dit heel moontlik teen die Euchiete (afgelei van die Griekse woord vir *bid*) en Messaliërs (afgelei van die Siriese woord vir *bid*) gemik. Florovskij (1973:246) sê hierdie twee sektegroepe het in die middel van die 4de eeu in Sirië ontstaan. Hulle het geglo dat dit nie bevorderlik was vir 'n mens se geestelike lewe om handewerk te doen nie. Verskeie kerkvaders het hulle lering egter veroordeel.

18. Gevolgtrekking

Chrusostomos se geskrifte kan inderdaad 'n waardevolle rol speel om vir ons inligting te gee oor die rol en aard van beroepe in sy leefwêreld. Dit blyk eerstens dat Chrusostomos oortuig was dat armoede 'n sleutelfunksie vervul het om die samelewing te orden en struktuur daaraan te gee, want sonder armoede sou daar nie beroepe gewees het nie. Dit is derhalwe ook bewys van God se voorsienigheid vir die mens. Maar beroepe moes altyd aan drie kriteria voldoen: Dit moes eerstens noodsaaklik wees, tweedens moes dit nuttig wees, en derdens moes ander mense ook voordeel daaruit trek. Op grond van hierdie drie kriteria het Chrusostomos beroepe hiërargies volgens 'n sosiale rangorde georden. Landbou is natuurlik heel bo aan die lys, omdat God dit ingestel het toe Hy die mens gemaak het.

Dit blyk dat vroue 'n baie beperkte rol in die werksplek gespeel het. Die beroepswêreld was eintlik maar 'n manswêreld. Chrusostomos skryf dit alles toe aan God wat vroue net so anders as mans gemaak het. Natuurlik is Chrusostomos se denke vol stereotipering. Soos ander kerkvaders, kon Chrusostomos nie insien hoe 'n mens handelswins kon regverdig nie, want dit hou nie verband met werk nie. Om 'n ambagsman te wees, was 'n goeie beroep, maar dan moes 'n mens nie in die strik trap om groot winste met die verkope van jou produkte te maak nie. Sommige beroepe (soos om 'n visserman te wees) het min inkomste gelewer. Maar nie almal was beroepsmense nie. Ryk mense het dikwels nie gewerk nie, en dan was daar ook ketterse groepe wat geglo het dat dit nie bevorderlik was vir 'n mens se geestelike lewe om te werk nie.

Ten slotte: Dit is tog interessant om te sien hoe baie van Chrusostomos se argumente vandag steeds aan die orde van die dag is. Wanneer studente kom inskryf by die universiteit, is talle ouers bekommerd dat hul kinders beroepe wil volg wat nie as “nuttig” of “noodsaaklik” beskou word nie! Daar het al baie beroepe gekom en gegaan, maar dit is interessant om te sien hoeveel van die beroepe uit Chrusostomos se tyd vandag steeds bestaan, al word dit heel anders bedryf!

Bibliografie

Adkin, N. 1985. A problem in the Early Church: Noise during sermon and lesson. *Mnemosyne*, 38(1-2):161-3.

Allen, P., B. Neil en W. Mayer. 2009. Reading the texts: A methodology of approach to genre. In Allen, Neil en Mayer (reds.) 2009.

Allen, P., B. Neil en W. Mayer (reds.). 2009. *Preaching poverty in Late Antiquity*. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.

Allen, P. en S. Sitzler. 2009. Introduction. In Allen, Neil en Mayer (reds.) 2009.

Amundsen, D.W. 1982. Medicine and faith in Early Christianity. *Bulletin of the History of Medicine*, 56:326–50.

Arbesmann, R. 1973. The attitude of Saint Augustine toward labor. In Florovskij, Neiman en Schatkin (reds.) 1973.

Avila, C. 1983. *Ownership: Early Christian teaching*. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

Balme, M. 1984. Attitudes to work and leisure in Ancient Greece. *Greece and Rome*, 31(2):140–52.

Bradley, K.R. 1985. Child labour in the Roman World. *Historical Reflections / Réflexions Historiques*, 12(2):311–30.

Chambers, T.W. 1889. *The homilies of Saint John Chrysostom. Epistles of Paul to the Corinthians*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Company.

Clark, E.A. 2006. Genesis 1–3 and gender dilemmas: The case of John Chrysostom. In Feichtinger, Lake en Seng (reds.) 2006.

Constantelos, D. 1991. John Chrysostom's Greek Classical education and its importance to us today. *Greek Orthodox Theological Review*, 36(2):109–29.

Danzig, G. 2003. Why Socrates was not a farmer: Xenophon's *Oeconomicus* as a philosophical dialogue. *Greece and Rome*, 50(1):57–76.

De Wet, C.L. 2014a. John Chrysostom on homoeroticism. *Neotestamentica*, 48(1):187–218.

—. 2014b. Virtue and the (un-)making of men in the thought of John Chrysostom. In Mayer en Elmer (reds.) 2014.

—. 2015. *Preaching bondage. John Chrysostom and the discourse of slavery in Early Christianity*. Oakland: University of California Press.

—. 2016. Grumpy old men? Gender, gerontology, and the geriatrics of soul in John Chrysostom. *Journal of Early Christian Studies*, 24(4):491–521.

—. 2018. Old age, masculinity, and martyrdom in Late Antiquity: John Chrysostom and the Maccabean martyrs. *Journal of Early Christian History*, 8(1):43–67.

—. 2019. The preacher's diet: Gluttony, regimen, and psycho-somatic health in the thought of John Chrysostom. In De Wet en Mayer (reds.) 2019.

De Wet, C.L. en W. Mayer. 2019. Approaching and appreciating John Chrysostom in new ways. In De Wet en Mayer (reds.) 2019.

De Wet, C.L. en W. Mayer (reds.). 2019. *Revisioning John Chrysostom. New approaches, new perspectives*. Leiden: Brill.

Esler, P.F. (red.). 2000. *The early Christian world* (vol. 1). Londen: Routledge.

Feichtinger, B., S. Lake en H. Seng. 2006. *Körper und Seele: Aspekte spätantiker Anthropologie*. (Beiträge zur Altertumskunde 215.) München: K.G. Saur.

Florovskij, G., D. Neiman en M.A. Schatkin (reds.). 1973. *The heritage of the Early Church: Essays in honor of the very reverend Georges Vasilevich Florovskij*. Roma: Pontificium Institutum Studiorum Orientalium.

Garnsey, P. en R. Saller. 1987. *The Roman Empire. Economy, society and culture*. Berkeley: University of California Press.

Grant, R.M. 1977. *Early Christianity and society*. New York: Harper & Row Publishers.

Grubbs, J.E. en T. Parkin (reds.). 2013. *The Oxford handbook of childhood and education in the Classical world*. Oxford: Oxford University Press.

Harvey, S.A. en D.G. Hunter (reds.). 2008. *The Oxford handbook of Early Christian studies*. Oxford: Oxford University Press.

Hock, R.F. 1978. Paul's tentmaking and the problem of his social class. *Journal of Biblical Literature*, 97(4):555–64.

Holman, S.R. 2001. *The hungry are dying. Beggars and bishops in Roman Cappadocia*. Oxford: Oxford University Press.

Karras, V. 1991. Male domination of woman in the writings of Saint John Chrysostom. *The Greek Orthodox Theological Review*, 36(2):131–9.

Laes, C. 2015. Children and their occupations in the city of Rome (300–700 CE). In Laes, Mustakallio en Vuolanto (reds.) 2015.

Laes, C., K. Mustakallio en V. Vuolanto (reds.). 2015. *Children and family in Late Antiquity: Life, death and interaction* (Interdisciplinary Studies in Ancient Culture and Religion 15). Leuven: Peeters.

Lis, C. en H. Soly. 2012. Worthy efforts: Attitudes to work and workers in pre-Industrial Europe. In Van der Linden (red.) 2012.

Malina, B.J. 2000. Social levels, morals and daily life. In Esler (red.) 2000.

Mayer, W. 1999. Constantinopolitan women in Chrysostom's circle. *Vigiliae Christianae*, 53:265–88.

- . 2008. Homiletics. In Harvey en Hunter (reds.) 2008.
- . 2009. John Chrysostom on poverty. In Allen, Neil en Mayer (reds.) 2009.
- Mayer, W. en I. Elmer (reds.). 2014. *Men and women in the early Christian centuries* (ECS 18). Strathfield, NSW: St Paul's Publications.
- Mondolfo, R. 1954. The Greek attitude to manual labour. *Past and Present*. 6:1–5.
- Oslington, P. 2014. *The Oxford handbook of Christianity and economics*. Oxford: Oxford University Press.
- Ovitt, G. 1986. The cultural context of Western technology: Early Christian attitudes toward manual labor. *Technology and Culture*, 27(3):477–500.
- Sigismund-Nielsen, H. 2013. Slave and lower-class Roman children. In Grubbs en Parkin (reds.) 2013.
- Stander, H.F. 2014. Economics in the Church Fathers. In Oslington (red.) 2014.
- Still, T.D. 2006. Did Paul loathe manual labor? Revisiting the work of Ronald F. Hock on the apostle's tentmaking and social class. *Journal of Biblical Literature*, 125:781–95.
- Torjesen K.J. 2008. Clergy and Laity. In Harvey en Hunter (reds.) 2008.
- Van der Linden, M. 2012. *Studies in Global Social History* (Studies in Global Social History, vol. 10). Leiden: Brill.
- Welles, C.B. 1967. Hesiod's attitude toward labor. *Greek, Roman and Byzantine Studies*, 8:5–23.
- Westermann, W.L. 1914. Apprentice contracts and the apprentice system in Roman Egypt. *Classical Philology*, 9(3):295–315.